Private verbruiksbesteding, veral teen konstante pryse, het teen 'n laer koers gestyg vanweë 'n werklike afname in die besteding aan duursame goedere. 'n Afname in hierdie komponent van private verbruiksbesteding is ook gedurende die voorafgaande twee kwartale aangeteken en hierdie opeenvolgende afnames het voorgekom hoofsaaklik as gevolg van die maatreëls wat spesifiek daarop gemik was om die hoë koers van toename in hierdie vorm van verbruiksbesteding te beteuel. Alhoewel alle klasse van duursame verbruiksgoedere beïnvloed is, was die uitwerking op nuwe motors en meubels en huishoudelike toestelle veral opvallend. Die aantal nuwe motors verkoop, wat tot 'n lae peil in April 1971 gedaal het, het egter

Bruto nasionale produk en binnelandse besteding



Private verbruiksbesteding aan duurzame goedere



Getal nuwe motors verkoop



gedurende die daaropvolgende vier maande weer gestyg, terwyl die besteding aan meubels en huishoudelike toestelle weer gedurende die eerste en tweede kwartale toegeneem het, na die verslappings in November 1970 en Februarie 1971 van die huurkoopkredietbeperkings op hierdie goedere wat in Oktober verlede jaar ingestel is. Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het voortgegaan om gedurende die tweede kwartaal teen 'n relatief hoë koers te styg, maar die koers van toename was aansienlik laer as dié gedurende die voorafgaande twee kwartale.

In teenstelling met die laer koers van toename in verbruiksbesteding, het bruto binnelandse vaste investering gedurende die tweede kwartaal effens vinniger toegeneem nadat dit vanaf die derde kwartaal van 1970 geneig het om meer gelyk te verloop. Hierdie matige versnelling is hoofsaaklik deur die vaste investering van die private sektor, in besonder die private fabriekswese, en in 'n minder mate deur dié van openbare korporasies, verantwoord. Vaste investering deur openbare owerhede het gedurende die tweede kwartaal teen 'n laer koers toegeneem. Die groot en volgehoue voorraadopbouing gedurende die afgelope twee jare is gedurende die tweede kwartaal voortgesit, maar die verdere toevoeging tot voorrade was nietemin aansienlik laer as gedurende die eerste kwartaal.

Pryse

Verbruikerspryse het 'n versnelde toename gedurende die vier maande tot Julie 1971 getoon. Ná aansuiwering vir seisoensveranderings het hierdie pryse vanaf Maart 1970 tot Maart 1971 teen 'n koers van 4,1 persent gestyg, maar daarna vinniger toegeneem en tussen Julie 1970 en Julie 1971 'n koers van toename van 6,2 persent bereik. Hierdie versnelde prysstygings was hoofsaaklik toe te skryf aan hoër pryse van dienste, in die besonder huur en pos- en spoorwegtariewe. 'n Toename van 7,4 persent is in die pryse van dienste gedurende die jaar geëindig Julie 1971 aangeteken, terwyl die pryse van goedere met 5,5 persent gedurende hierdie tydperk gestyg het.

Soos in meer besonderhede in die *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* bespreek is, is die aansienlik vinniger koers van toename in verbruikerspryse gedurende die tweede kwartaal van 1971 egter gedeeltelik veroorsaak deur spesiale faktore soos die hoër indirekte belastinge en die opwaartse aanpassing van verskeie staatsgeadministreerde pryse en tariewe. In Julie het die koers van toename in verbruikerspryse egter geneig om na 'n meer normale peil terug te keer.

Seisoensaangesuiwerde groothandelspryse het tussen Julie 1970 en Julie 1971 met 4,6 persent gestyg, vergeleke met 'n toename van 3,8 persent tussen Maart 1970 en Maart 1971. Die hoër koers van toename in hierdie pryse gedurende die tydperk April tot Julie is ook in 'n groot mate toe te skryf aan die spesiale faktore waarna hierbo verwys is en ook aan 'n vinniger koers van toename in die pryse van ingevoerde goedere.

Betalingsbalans

Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans, wat vanaf die tweede kwartaal van 1969 tot die eerste kwartaal van 1971 progressief toegeneem het, het gedurende die tweede kwartaal aansienlik afgeneem. Uitgedruk in seisoensaangesuiwerde jaarkoerse, het die tekort vanaf die rekordsyfer van R1 254 miljoen in die eerste kwartaal tot R820 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem. Alhoewel dit 'n merkbare verbetering verteenwoordig het, was die tekort nog steeds op 'n baie hoë peil. Die kleiner tekort is aangeteken nieteenstaande 'n skerp styging in die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld en was die resultaat van 'n afname in goedere-invoere en 'n toename in goedere-uitvoere en netto goudproduksie. Goedere-invoere het vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R2 917 miljoen in die eerste kwartaal tot R2 800 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem, terwyl goedere-uitvoere, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, toegeneem het vanaf R1 300 miljoen tot R1 636 miljoen en netto goudproduksie vanaf R848 miljoen tot R902 miljoen oor die ooreenstemmende tydperk. Goedere-uitvoere is verstewig deur verhoogde buitelandse verkope van mielies en diamante, en die waarde van die netto goudproduksie het vanweë die hoër goudprys op die private mark gestyg.


Alhoewel die tekort op die lopende rekening, nie aangesuiwer vir seisoensveranderings nie, in die tweede kwartaal R221 miljoen bedra het, het die totale goud- en ander buitelandse reserwes met slegs R51 miljoen tot 'n peil van R691 miljoen aan die einde van Junie gedaal. Die verskil word verklaar deur 'n aansienlike netto kapitaalinvloeiing van R168 miljoen en 'n klein valutawins van R2 miljoen wat voortgespruit het uit die revaluasie van die Switserse frank.

Volgens die maandelikse syfers van die Departement van Doeane en Aksyns, onaangesuiwer vir betalingsbalansdoeleindes en gevolglik nie streng vergelykbaar met die kwartaallikse betalingsbalansgegevens nie, het invoere vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarlikse peil van R3 205 miljoen in Junie tot R2 964 miljoen in Julie afgeneem, en daarna tot R3 233 miljoen in Augustus gestyg terwyl invoere vanaf R1 386 miljoen in Junie tot R1 615 miljoen en R1 705 miljoen in Julie en Augustus onderskeidelik gestyg het. Nieteenstaande die afname in die oorskot van invoere bo uitvoere in Julie het die totale goud- en ander buitelandse reserwes gedurende Julie skerp gedaal met R40 miljoen tot 'n peil van R651 miljoen aan die einde van die maand, hoofsaaklik as gevolg van die terugbetaling van 'n buitelandse lening deur die Reserwebank.


Vanaf die einde van Julie tot 13 Augustus het die Reserwebank se besit aan goud- en ander buitelandse reserwes met R20 miljoen afgeneem, maar gedurende die volgende week met R16 miljoen, of ongeveer die waarde van een week se goudproduksie, toegeneem. Hierdie toename was toe te skryf aan die opskorting van transaksies in buitelandse valuta in Suid-Afrika

gedurende daardie week, as gevolg van die opskorting van die inwisselbaarheid van dollars in goud deur die Verenigde State op 15 Augustus 1971 en die daaropvolgende sluiting van die wêreld se belangrikste buitelandse valutamarke. Die Reserwebank het op 24 Augustus transaksies in buitelandse valuta hervat en daar is begin om die agterstand in valutatransaksies af te werk, wat vanaf daardie datum tot aan die einde van Augustus 'n afname van R29 miljoen in die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank

Goedere-invoere en -uitvoere



Verandering in goud- en buitelandse reserwes



tot gevolg gehad het. Die totale afname in die Reserwebank se besit aan hierdie reserwes het gevolglik op R33 miljoen vir Augustus as geheel te staan gekom.

Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld


Nadat dit gedurende die laaste vyf maande van 1970 gedaal het, het die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die eerste kwartaal van 1971 met R102 miljoen en gedurende die tweede kwartaal met R110 miljoen toegeneem, maar gedurende Julie met slegs R4 miljoen. Vir die eerste sewe maande van 1971 was die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename effens minder as 10 persent. Die bruto binnelandse produk het egter selfs nog vinniger gestyg, sodat die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk, ná uitkakeling van die seisoensinvloed, gedurende die tweede kwartaal van 1971 aangehou het om te daal en 29,7 persent bedra het, in vergelyking met 30,1 persent gedurende die voorafgaande kwartaal en 31,3 persent gedurende die derde kwartaal van 1970.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld


Soos gedurende die eerste kwartaal van die jaar, was die belangrikste enkele oorsaak van die volgehoue styging in geld en kwasi-geld oor die tydperk April tot Julie 1971 steeds die toename in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor, wat R147 miljoen vóór en R124 miljoen ná uitkakeling van die seisoensinvloed bedra het. In teenstelling met ontwikkelings gedurende die eerste kwartaal, het die toename van R147 miljoen in netto eise egter bestaan uit 'n styging van R109 miljoen in krediet van die monetêre banke aan die regeringsektor, wat grotendeels met 'n vermeerdering van die handelsbanke se besit aan staatseffekte in Mei verband gehou het, eerder as uit 'n daling van die regeringsdeposito's, wat met slegs R38 miljoen verminder het. Die seisoensaangesuiwerde toename van R75 miljoen in die netto eise van die banksektor teen die regering gedurende Julie is die grootste maandelikse styging wat sedert die verandering in die tendens van hierdie eise vanaf die middel van 1969 aangeteken is, en weerspieël die feitlik totale afwesigheid van die gebruikelike seisoenstyging in regeringsdeposito's.

Die eise van die monetêre banke teen die private sektor, ná uitkakeling van die seisoensinvloed, het gedurende die tydperk van vier maande vanaf April tot Julie 1971 met R113 miljoen gestyg, teenoor 'n toename van slegs R46 miljoen gedurende die eerste kwartaal van die jaar. Albei syfers sluit aansienlike stygings in die seisoensaangesuiwerde bedrae aan kaskredietvoorskotte van die Landbank in, wat onderskeidelik R53 miljoen en R58 miljoen bedra het. Die toename in die kaskredietvoorskotte van die Landbank is ook weerspieël in 'n aansienlike styging in die besit aan Landbankwissels van die Reserwebank en die

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



Nasionale Finansiële korporasie, naamlik vanaf R130 miljoen aan die einde van Mei tot R250 miljoen aan die einde van Augustus.

In absolute bedrae was die daling in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die banksektor, sowel vóór as ná uitskakeling van die seisoensinvloed, gedurende die tweede kwartaal en Julie aanmerklik kleiner as gedurende die eerste kwartaal van 1971.

Eise teen die private sektor

Indien die skerp styging in die kaskredietvoorskotte van die Landbank, waarna reeds verwys is, uitgesluit word, het die eise van die monetêre banke teen die private sektor gedurende die tweede kwartaal en Julie 1971 teen 'n betreklik stadige koers toegeneem. As seisoensveranderinge in ag geneem word, wil dit egter voorkom asof die styging in hierdie eise oor die betrokke tydperk van vier maande in werklikheid op 'n geringe daling gedurende die eerste kwartaal van die jaar gevolg het.

Die totale eise teen die private sektor, met uitsluiting van die kaskrediete van die Landbank (voor uitskakeling van die seisoensinvloed, en met insluiting van 50 persent van netto remises in transito), het gedurende die tweede kwartaal van 1971 met R58 miljoen toegeneem maar gedurende Julie met nie minder nie as R46 miljoen gedaal. Aangesien die netto toename in beleggings en deposito's by die private sektor oor hierdie tydperk van vier maande R29 miljoen bedra het, het die totaal van die diskonteringe en voorskotte van alle monetêre banke (uitgesonderd die Landbank) aan die private sektor in werklikheid per saldo met meer as R17 miljoen gedaal.

Insgelyks het die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke vanaf die einde van Maart 1971 tot die einde van Julie per saldo met R22 miljoen gedaal. Die beleggings van hierdie instellings in die private sektor het oor hierdie tydperk met R33 miljoen toegeneem, wat egter grotendeels 'n weerspieëling was van 'n toename van R35 miljoen in die handelsbanke se besit aan obligasies van die Landbank, ander openbare korporasies en plaaslike besture, wat nie by die kredietplafon ingesluit is nie.

Banklikwiditeit

Die oorskot-likwiede bates van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke, wat alreeds vanaf 'n seisoenslaagtepunt van R34 miljoen (0,7 persent van die totale verpligtings teenoor die publiek) aan die einde van Januarie 1971 tot R163 miljoen (3,2 persent) aan die einde van April toegeneem het, het verder tot R292 miljoen (5,4 persent) aan die einde van Junie gestyg. Gedurende Julie het die oorskot-likwiede batebesit van die banke tot R140 miljoen (2,7 persent) gedaal, wat nagenoeg dieselfde was as die peil wat aan die einde van Julie 1970 aangeteken is.

Geldmark

Nadat hulle hul skuldposisie teenoor die Reserwebank tot minder as R3 miljoen aan die einde van April verminder het, het die diskontohuise gedurende die tweede helfte van Mei 'n tydelike verlies van daggeldlenings ondervind, wat onder andere blykbaar verband gehou het met die tydelike styging in regeringsdeposito's gedurende daardie maand asook met 'n daling van die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie se besit aan Landbankwissels. As gevolg hiervan het die Reserwebank se kredietverlening aan die diskontohuise aan die einde van Mei op R82 miljoen te staan gekom. Insgelyks het seisoensfaktore veroorsaak dat die lenings van die Bank aan die diskontohuise tot R151 miljoen aan die einde van Julie gestyg het. Dit wil egter voorkom asof daar gedurende Augustus 'n hervatting van die tendens in die rigting van 'n algemene verruiming van die toestand op die geldmark ingetree het.

Nadat die skatkiswissel-tenderkoers 'n peil van 5,58 persent bereik het kort nadat die Bankkoers op 31 Maart verhoog is, het dit in ooreenstemming met die ruimer toestand wat gedurende die tweede kwartaal op die geldmark in die algemeen geheers het, tot 'n ietwat laer peil gedaal en rondom 5,5 persent geskommel. Die koers het verder gedaal tot 5,42 persent op 27 Augustus maar daarná weer tot 5,48 persent op 10 September gestyg.

Die koerse wat op private geldmarkinstrumente gekwoteer is, het gedurende April en Mei aanmerklik gedaal voordat dit gedurende Junie en Julie weer tydelik gestyg het. Sederdien kon 'n verdere dalende neiging opgemerk word. So het die koers op verhandelbare depositosertifikate van 90 dae vanaf 9,05 persent op 31 Maart tot 7,25 persent op 4 Junie gedaal; en het vervolgens tot 8,15 persent op 16 Julie gestyg voordat dit tot 6,65 persent aan die einde van Augustus gedaal het. Afgesien daarvan dat 'n koers van $7\frac{1}{2}$ persent algemeen deur die vernaamste handelsbanke op deposito's van 12 maande gekwoteer is (teenoor koerse van $7\frac{3}{4}$ en 8 persent wat voorheen by geleentheid gekwoteer is), was die patroon van die depositorente koerse van die handelsbanke aan die einde van Augustus dieselfde as die patroon aan die einde van Mei soos dit in die *Junie-Kwartaalblad* gepubliseer is.

Staatsfinansies

'n Kenmerk van staatsfinansies vanaf ongeveer die middel van 1969 was die teleurstellende lae peil van die bydrae deur die private nie-banksektor tot die finansiering van die tekort op die Skatkisrekening. Gedurende die tweede kwartaal van 1971 het hierdie bydrae egter R59 miljoen bedra, vergeleke met 'n kwartaallikse gemiddelde van slegs R5 miljoen vir die tydperk Julie 1969 tot Maart 1971. Hierdie gunstige ontwikkeling was in 'n groot mate die gevolg van 'n beter reaksie deur die betrokke sektor op uitgifte van staatseffekte in Mei. 'n Bedrag van R25 miljoen is op

die $8\frac{1}{2}$ persent-langtermynuitgifte en R10 miljoen op die $6\frac{1}{2}$ persent-korttermynuitgifte ingeskryf. Daarbenewens is R8 miljoen op die nuwe Premie-obligasies wat vanaf 15 Junie vir inskrywing beskikbaar is, belê, terwyl die opbrengs van leningsheffings R17 miljoen bedra het.

Ander bydraes tot die finansiering van die groot skatkistekort van R162 miljoen in die tweede kwartaal was 'n netto belegging van R6 miljoen in staatskuldbewyse deur die Staatskuldkommissaris en 'n netto bedrag van R19 miljoen wat van die buitelandse sektor geleen is. Met inagneming van die terugbetaling van lenings ten bedrae van R33 miljoen aan die Betaalmeestergeneraalrekening, het 'n tekort van R111 miljoen oorgebly en dit moes deur 'n toename in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor gefinansier word. Dit was die hoogste kwartaallikse syfer wat sedert die vierde kwartaal van 1965 aangeteken is en was hoofsaaklik die gevolg van 'n opmerklieke daling in skatkissaldo's gedurende April en slegs 'n klein styging in hierdie saldo's gedurende Mei nieteenstaande 'n aansienlike toename in die monetêre banksektor se besit aan staatskuldbewyse. In Junie is die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor egter met R6 miljoen verminder.

Nieteenstaande 'n meer as seisoenale styging in die skatkistekort gedurende Julie, het die netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met 'n verdere R3 miljoen gedaal. Netto lenings van die buitelandse sektor het R35 miljoen bedra en 'n gelyke bedrag is deur die private nie-banksektor bygedra.

Met die oog op die aansienlike tekort op die Leningsrekening wat gedurende die lopende boekjaar deur middel van lenings gefinansier moet word en die huidige aanduidings dat die opbrengs van lenings nie voldoende sal wees om hierdie tekort te dek nie, het die Minister van Finansies op 14 September die volgende maatreëls aangekondig om die regering te help om sy uitgawes op 'n gesonder wyse te finansier:

1. Die minimum bedrag aan voorgeskrewe bates wat deur geregistreerde pensioen- en voorsorgfondse gehou moet word, word vanaf 1 Oktober 1971 vanaf 40 tot 50 persent van totale bates verhoog, terwyl die minimum gedeelte van hierdie bates wat in staatskuldbewyse gehou moet word, vanaf 10 tot 20 persent van totale bates verhoog word. Fondse wat nie aan die nuwe vereistes op die betrokke datum voldoen nie, sal 'n tydperk van tien jaar gegun word om hul bates aan te pas, maar fondse moet ten volle aan hierdie vereistes voldoen ten opsigte van enige toename in bates vanaf 1 Oktober.
2. Die minimum bedrag aan voorgeskrewe bates wat deur versekeraars gehou moet word, word op 30 persent van netto verbintnisse gehandhaaf, maar die minimum bedrag van staatskuldbewyse wat by hierdie bates ingesluit moet word, word vanaf 1 Oktober vanaf 10 tot 15 persent verhoog. Verseke-

raars wat nie aan die nuwe vereistes voldoen nie, sal 'n tydperk van vyf jaar gegun word om hul besit aan staatskuldbewyse aan te pas. Daar moet egter ten volle aan die nuwe vereistes voldoen word ten opsigte van enige toename in netto verbintnisse vanaf 1 Oktober.

3. Van deelnemingsverbandskemas word vereis om minstens 15 persent van alle fondse wat vanaf 1 Oktober ontvang word, insluitende die herbelegging van terugbetaalde deelnames, in kuldbewyse van die openbare sektor te belê, waarvan die helfte in staatskuldbewyse moet wees.

Alhoewel hierdie maatreëls oor die korttermyn daarop gemik is om met die gesonder finansiering van die tekort op die Leningsrekening te help, het hulle ook ten doel om die regering se aandeel in die vloei van institusionele beleggingsfondse na die openbare sektor te verhoog. In hierdie verband is geraam dat, sover dit die binnelandse kapitaalmark betref, die regering se leningsbehoefte tot ongeveer 50 persent van dié van die openbare sektor as geheel gestyg het. Bowendien sal die groter vloei van nie-bankfondse na die Skatkis oor die langtermyn die regering in staat stel om die belastingdruk vroeër te verlig as wat andersins moontlik sou wees.

Kapitaalmark

Die sterk opwaartse druk op langtermynopbrengskoerse vanaf ongeveer die middel van 1969 het in die loop van die tweede kwartaal van 1971 geneig om ietwat af te neem. Na die verhoging van die opbrengskoers op langtermynstaateffekte vanaf $7\frac{3}{4}$ tot $8\frac{1}{2}$ persent op 31 Maart, het die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermyn-effekte deur openbare korporasies en die vyf grootste munisipaliteite vanaf ongeveer 8,9 tot 9,3 persent toegeneem. Die oorheersende opbrengskoers op nuwe uitgiftes van maatskappy-kuldbriewe is egter nie wesenlik beïnvloed nie en het steeds binne die grense $10\frac{1}{4}$ tot $10\frac{1}{2}$ persent gebly. Teen die hoër opbrengskoerse was die regering meer suksesvol in die verkryging van fondse, terwyl alle uitgiftes van semi-prima-effekte vanaf April tot Julie in 'n mindere of meerdere mate oorvolteken was.

Die herstel van aandeelpryse gedurende die eerste kwartaal van 1971 het gedurende die tweede kwartaal voortgeduur, ten spyte van 'n aansienlik verminderde netto belegging van R8 miljoen, vergeleke met R45 miljoen gedurende die eerste kwartaal, deur buitelanders in effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is. In Julie het die opwaartse beweging van aandeelpryse egter tot 'n einde gekom en in Augustus is dalings aangeteken, nadat die skakel tussen die Amerikaanse dollar en goud verbreek is en baie van die wêreld se vernaamste geldeenhede, wat sedertdien vlottend was, geneig het om in terme van goud te appresieer. Die pryse van goudmynaandele het gedurende die tweede kwartaal gedaal nadat die onsekerheid aangaande die pariteite van die vernaamste

Europese geldeenhede gedurende Mei tydelik opgeklaar is. In Julie het hierdie pryse oor die algemeen onveranderd gebly, maar het gedurende die eerste helfte van Augustus gestyg, toe die prys van goud op die private mark opwaarts beweeg het, en gedurende die res van daardie maand weer gedaal as gevolg van nuwe valuta-onsekerhede.

Gedurende die tweede kwartaal het die vloei van fondse na die bouverenigings aansienlik afgeneem vanaf die buitengewoon hoë peile wat sedert die middel van 1969 bereik is. Vergeleke met 'n toename van R123 miljoen in deposito's en aandele gedurende die eerste kwartaal van 1971, het die ooreenstemmende syfer vir die tweede kwartaal slegs R45 miljoen bedra. Die kleiner invloeiing van fondse het waarskynlik verband gehou met die toenemende bedrywigheid op die effektebeurs en die groter aantreklikheid van ander beleggingsgeleenthede. Die bedrywigheid op die effektebeurs het egter gedurende Junie en Julie afgeneem en dit is in 'n groter invloeiing van fondse na die bouverenigings weerspieël. Die invloeiing het gedurende Julie R23 miljoen bedra, teenoor 'n maandelikse gemiddeld van R15 miljoen gedurende die tweede kwartaal.

Toenemende mededinging om fondse in die kapitaal-mark teenoor 'n groot vraag na behuisingslenings het druk op die verenigings uitgeoefen om hul leen- en dus ook hul uitleenkoerse te verhoog. Ten einde die verenigings te help om aan die vraag na behuisingslenings te voldoen sonder om hul verbandkoerse te verhoog, het die Minister van Finansies op 19 Augustus die volgende toegewings aangekondig:

1. Dividende op onbepaalde-termyn- en vaste-termyn-aandele sal op dieselfde grondslag as dividende op gewone aandele van maatskappye belas word.
2. Die perk op individuele spaarrekenings word vanaf R10 000 tot R15 000 verhoog.
3. Die vereiste vervat in artikel 32 van die Bouverenigingwet, ingevolge waarvan ander bykomende voorgeskrewe beleggings as likwiede bates gehou moet word, word tot verdere kennisgewing opgeskort.
4. Die beleggingstydperk van bestaande vaste deposito's kan vir tydperke van minder as twaalf maande verleng word.
5. Normale agentekommissie mag ten opsigte van belastingvrye onbepaalde-termyn-aandele betaal word.